

# Noordelike Sinode

## Taakspan Ekonomie

### Verslag aan die SDR-vergadering van 19 Julie 2019

#### 1. Opdrag

Om predikante en belangstellende lidmate te begelei tot 'n dieper verstaan van ons eie Christelike bronne (spesifiek die Bybel en stemme uit die ekumeniese wêreld) oor die denke rakende die ekonomie, asook om predikante bloot te stel aan die standpunte van jongmense rakende die ekonomie.

#### 2. Afhandelingsdatum

Junie 2019.

#### 3. Taakspanlede

Cobus van Wyngaard (voorsitter), Eben Scheffler, Dieter de Bruin, Frans du Plessis en Fanie Cronjé.

Deur die loop van die projek het die volgende persone ook by die taakspan aangesluit: Bernice Serfontein, Alphonso Groenewald, Herman Rudolph en Braam le Roux.

#### 4. Uitvoering van die opdrag

- 'n Aantal oop gesprekke is by die kantore van Noordelike Sinode gereël waar ons na 'n verskeidenheid stemme geluister het. 'n Algemene uitnodiging is telkens uitgestuur, en opsommings van hierdie gesprekke is via die Verskil en Noordelike Sinode publiek beskikbaar gemaak.
- 'n Retreat waar Bybeltekste en ekumeniese dokumente rakende die opdrag in detail bestudeer is, is in Oktober 2018 by Good Shepherd gehou.
- 'n Aantal preek-sketse rondom armoede en die ekonomie is ontwikkel, en word hier as addendum aangeheg.

Ons kon nie konkreet uitdrukking gee aan prosesse waarin predikante aan die standpunte van jongmense rakende die ekonomie blootgestel word nie. Ons erken egter die belangrikheid hiervan.

## 5. Refleksie op teologie en ekonomie

### NG Kerk

Ons eie denke oor kerk en ekonomie is natuurlik nie die eerste keer wat daar in die NG Kerk oor hierdie saak gedink word nie. Aan die een kant is daar in die NG Kerk 'n sterk tradisie van grondvlak betrokkenheid by armoedeverligting. Daar was ook momente waar daar meer bewustelik oor ekonomiese vraagstukke gedink is. Die 2007 *Profesie oor Profyt* verslag van die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake, waarin onder ander eksplisiet op die Accra-verklaring reageer is, en die meer resente projek van die ASM oor ongelykheid, vorm die kern hiervan. In die Algemene Sinode se werk to dusvêr is daar 'n sterk klem daarop om die stem van ekonome binne die kerk se refleksie op te neem.

Die NG Kerk se eie refleksie bevestig telkens die bekommernis oor 'n verbruikerskultuur, en die effek daarvan op die ekologie, en algemene welsyn van gemeenskappe. Dat vlakke van ongelykheid en armoede ons met groot kommer moet vul is ook duidelik. Daar is egter 'n sterk klem daarop dat die vryemarkstelsel as sodanig nie alleen die skuld kan dra vir die krisis nie, en ook nie verwerp behoort te word nie. Alhoewel die belangrikheid daarvan om vanuit ons eie teologiese nadenke oor die ekonomie te dink beklemtoon word, bly dit onduidelik wat so 'n teologiese refleksie binne die NG Kerk sou beteken. Die strewe is om uiteindelik vanuit teologiese nadenke 'n verantwoordelike ekonomiese basis vir die samelewing te ontwikkel. Dis juis hier waar hierdie taakspan se opdrag om by die Bybel en ons ekumeniese tradisie te begin belangrik kan wees.

### Bybel

Die taakspan het uit die staanspoor 'n sterk klem geplaas om erns te maak met vrae oor armoede en ekonomie in die lig van die Bybel se getuienis. Die Bybel is deel van ons tradisie, maar op bepaalde punte is dit in ons dag moeilik om met hierdie tekste te werk. So byvoorbeeld is daar afstand tussen ons individualisme en 'n antieke wêreld se kollektiewe kyk na die lewe, ons fokus op die hede in die lig van die toekoms en hulle fokus op die hede in die lig van die verlede, ons klem op individuele selfaktualisering en hulle fokus op equilibrium in en oorlewing van die groep. Ons besef dat die Bybel nie 'n eenduidige boodskap oor die armes en armoede het nie. Ons sal die interne debat en verskeidenheid in die Bybel ernstig moet neem as ons verantwoordelik wil dink oor wat ons vanuit die Bybel hoor. Beide die afstand asook die verskeidenheid veroorsaak dat die Bybel nie op 'n eenduidige wyse oor armoede praat nie en ook nie 'n eenvoudige regverdiging vir enige moderne ekonomiese ideologie verskaf nie. Aan die ander kant, soos die preeksetse wat hierby aangeheg is illustreer, vind ons in die Bybeltekste wel sterk oortuigings oor ons lewe in 'n konteks van armoede en ongelykheid. Ons kan nie bekostig dat hierdie kritiese stemme in die Bybel langer geïgnoreer word nie.

### Ekumeniese tradisie

Die ekumeniese refleksie op die ekonomie vorm vandag 'n tema wat jare se studie sal vereis. Ons kon nie by veel meer as die Accra-verklaring van die *World Alliance of Reformed Churches* stilstaan nie. Dit is egter verteenwoordigend van die tipe lyn wat ook in die breër ekumeniese tradisie gevind word. Ons vind in die Accra-verklaring 'n sterk veroordeling van die huidige vorm van kapitalisme, en van die wyse waarop politieke en militêre mag ingespan word om hierdie ekonomiese sisteem ter wille van sommige en ten koste van ander te verdedig. Een vraag wat Accra oopgemaak het wat ons verder oor moet dink is wat presies die teologiese kritiek is op sekere uitwasse, of selfs die fundamentele ontwerp, van die moderne ekonomiese sisteme.

Vir ons was dit veral belangrik om te begin hoor wat die breër Gereformeerde kerk in Afrika oor die Accra-verklaring sê. Hier vind ons 'n groot mate van instemming met die evaluasie van die Accra-verklarind gevind word. Dit is verder vir ons belangrik om kennis te neem van die verskille in die perspektief van die NG Kerk en van verskeie ekumeniese vennote. Dit is verskille wat nie maar net ignoreer kan word nie, en ons sal met groot erns moet voortgaan met navorsing en dialoog om die

kritiek van ander gelowiges wat met ander ervarings kom, veral die stem van kerke waar lidmate oorwegend arm is, te hoor, en deel te maak van ons gesprek.

### Ander stemme

Tydens die reeks gesprekke is mense wat 'n diverse reeks perspektiewe kon bring genader om met ons in gesprek te tree oor verskeie aspekte van die kerk, ekonomie, en armoede:

- Johan Pieters het gepraat oor die verhouding tussen ekonomie en gemeenskap;
- Ndikho Mtshiselwa oor die Ou Testament en die vraag oor grond in Suid Afrika;
- Herman Rudolph, 'n dosent in ekonomie by Unisa, en tans ook permanente lid van die taakspan, het vir ons 'n basiese inleiding oor ekonomiese beginsels gegee;
- Hennie Pieterse het oor sy navorsing oor gemeentes se rol in armoedeverligting gepraat;
- Ruhan Fourie het met ons gepraat oor die NG Kerk se geskiedenis met anti-kommunisme.

Sonder om hier in detail 'n oorsig te gee, wil ons beklemtoon dat hierdie gesprekke die kompleksiteit van hierdie saak duidelik op die tafel gesit het. Ons ervaring is dat so 'n ruimte waar ons deurlopend kan luister na 'n diverse groep stemme wat ons kan help dink oor kerk en ekonomie uiters belangrik is.

Herman Rudolph se aansluiting by die taakspan het vir ons bevestig dat die gesprek met ekonome en ander sosiale wetenskaplikes krities bly, maar dat ons onself ook sal moet verbind tot 'n deurlopende gesprek, sodat ons mekaar se taal kan leer verstaan.

### Slotopmerkings

Die kerk het nie 'n ekonomiese teorie nie. Dit is ook nie die kerk se taak om 'n ekonomiese teorie te ontwerp nie. Maar ons lidmate se lewens is ingewef binne 'n ekonomiese omgewing, en ons het 'n verantwoordelikheid om deurlopend te help om die lig van die evangelie op hierdie ekonomiese realiteite te help skyn.

Ons moet die verskeidenheid stemme in die Bybel ernstig opneem, maar ook die verskeidenheid stemme in die kerk en breër samelewing vandag. Ons sal onself moet verbind om nie net met die wat met ons saamstem te praat nie, maar juis met die wat nie ons sosiale agtergrond of ekonomiese vooronderstellings deel nie. Die een uitdaging wat ons hoor in ons luister na die Bybel, ekumeniese stemme, en kyk na die NG Kerk se eie werk, is dat die NG Kerk se eie refleksie oor die strukturele kant van armoede en ongelikheid tot dusvêr uiters beperk is, en dat ons nog baie werk sal moet doen om duidelikheid te kry oor ons eie teologiese denke oor die moderne ekonomiese realiteite. Daar is ook 'n noodsaaklikheid om die kerk se refleksie op die ekonomie in gesprek te bring met ons verskeie gemeenskapsprojekte, sodat daar met groter duidelikheid holisties na die kerk se werk in die gemeenskap gedink kan word.

## 6. Aanbevelings

- I. Dat die preeksetse (sien addendum) na alle predikante van Noordelike Sinode gestuur word met die versoek dat hierdie vrae in die toekoms spesifiek aandag sal kry in ons gemeentes.
- II. Dat daar 'n soortgelyke taakspan bymekaar geroep word om met hierdie gesprek voort te gaan tot en met Julie 2020.
  - a. Dat daar steeds maandelikse oop gesprekke oor die verhouding kerk en ekonomie gereël word.
  - b. Dat daar spesifiek aandag gegee word aan aspekte wat die NG Kerk se teologiese nadenke oor die ekonomie kan help vorm.
  - c. Dat daar met Exelcus in gesprek gegaan word oor die moontlikheid om 'n dag-werkswinkel oor kerk/teologie en ekonomie te reël.

## 7. Slotwoord

Dit is vir ons duidelik dat die kritiese gesprek oor die toekoms van die ekonomie van die wêreld, Suid-Afrika, en ons plaaslike gemeenskappe in die hart van die agenda gaan wees in die dekades wat kom. Die kerk sal die kapasiteit moet ontwikkel om 'n kritiese rol hier te speel: beide in ons konkrete reaksie op armoede en ongeregtigheid, ons vorming van lidmate, maar ook in ons deelname aan gesprekke oor ekonomiese beleid. Saam met die breë ekumeniese kerk soek ons almal na 'n lewegewende ekonomie wat die algemene welstand van die samelewing bevorder – beide vir die ekologie en ons gemeenskappe. Christene behoort vanuit ons eie verbintenis aan die God van lewe hier saam te soek en streef.